Geagte lede en voornemende lede/deelnemers en verkopers/kopers

Die Arabierperd Telers Genootskap bied twee eerstes vir Namibia aan op die 31ste Mei en 1ste Junie 2013: **Arabier perd veiling** en **"Arabian Nights"** funksie.

Inligting wat belangrik is !!!

A) Arabierperd Veiling:

Die doel van die veiling is om 'n veilige en volhoubare basis te skep waar kopers en verkopers van die ras toegang kan kry om op 'n jaarlikse basis Arabier perde te kan koop en verkoop.

Voornemende deelnemers aan die sport sowel as bestaande telers en uithourit deelnemers kan by die geleentheid perde aanbied en ook aanskaf. Boere en plesier ruiters kry ook hier die geleentheid om goeie werks en ryperde uit die ras te kan bekom.

A) Die Arabierperd Veiling word aangebied op Saterdag 1 Junie 2013 om 10hoo in die Agra Ring op die skougronde in Windhoek

i) Besigtiging/bespreking en evaluering van perde deur voornemende kopers vind plaas op Vrydag die 31ste Mei vanaf 13hoo tot 19hoo.

Kenners , onder andere Leon Botha, Tinus Strydom, Bertie van Zyl en ander sal teenwoordig wees om te help met evaluering ens.

ii) Afslaer: Deon Klopper.

iii) Koste: Geen Inskrywingsfooie is betaalbaar nie. Stallering en "bedding" sal gratis verskaf word.
Eie voer vir 2 dae moet saamgebring word.

iv) Kommissie van 6% sal gehef word op die verkoopsprys van die perd.

v) Betaling geskied direk na afloop van die veiling.

vi) Verwydering van perde na die veiling moet binne 24-uur na afloop van die veiling geskied

vii) Veeartseny skandering en/of ondersoeke kan ter plaatse gedoen word indien die verkoper nie reeds hieroor beskik nie om te verseker dat die perde aangebied en verkoop gesond is.

viii) Bespreking en lesing rakende die nuut daargestelde protokols wat aangeleenthede rakende in en uitvoere van genetiese materiaal/ perde ens sal aangebied word in die Agra saal op die skou terrein (19h00 – 20h00)

ix) Om perde in te skryf vir die veiling, vind die inskrywingsvorm aangeheg. Stuur die voltooide vorm, tesame met enige fotos, bloedlyne ens terug na trina@webafrica.org.za. Inskrywing van perde moet asb voor of op 15 Mei plaasvind sodat daar tyd genoeg is vir die finalisering van die katalogus. Inligting rakende die perde wat te koop aangebied gaan word sal per elektroniese katalogusse op www.arabianevents.co.za/auctions/ daagliks opgedateer word vanaf 18 April tot en met veilings datum.

x) Skakeling en/of navrae kan asb gedoen word met

a) Trina Opperman (trina@webafrica.org.za)

b) Susan de Meyer (sdemeyer@mweb.com.na)

c) Natasha du Toit (Natasha@dascom.co.za) 0027-832785106

d) Rentia Grobler (RentiaG@dascom.co.za) 0027-21-8802286

e) Sarel du Toit (sarel@dascom.co.za) 0027-825663550 of 0811555547

xi) Perde moet ten minste haltermak wees tydens aanbieding.

xii) Nodige dokumentasie indien beskikbaar is tov entings, registrasie, prestasie ens moet asb die inskrywings vergesel.

B) Arabian Nights:

Hierdie funksie is ook 'n eerste ! Die doel van die funksie is om die Arabier Perd aan die publiek bekend te stel asook om die geleentheid te skep vir huidige Arabier eienaars om meer inligting te bekom onder andere oor uithouritte, skou ens asook om net lekker te kuier ! Ons het gaskunstenaars wat gaan vermaak met sang, vuur dansers, belly dancers en nog meer. Ons het ook verskeie stalletjies waar die publiek allerhande goedjies kan besigtig en koop.
Kaartjies vir die funksie is beskikbaar teen N$200 per persoon, kinders onder 12 is gratis. Die prys van die kaartjie sluit 'n spit braai en heerlike bykosse in.

Vir kaartjie besprekings of om 'n stalletjie te bespreek vir die aand, kontak

Susan de Meyer (sdemeyer@mweb.com.na)

Trina Opperman (trina@webafrica.org.za)

Hou ook ons webwerf dop vir meer inligting nader aan die tyd :
http://www.arabianevents.co.za/Events/

Tipiese vrae wat mag ontstaan word hieronder gehanteer rakende beide aangeleenthede:

1.Hoe werk stalletjies by Arabian Nights? Is dit binne 'n gebou of moet mens self opslaan? Wat kos dit . Is daar nog beskikbaar?

- Die funksie word buitelug gehou
- Daar is geen koste vir die bespreking van 'n stalletjie nie maar vertoners gaan wel 'n toegangskaartjie vir die funksie moet koop.
- Vertoners MOET WEL vroegtydig by Susan de Meyer hul staanplek bespreek sodat ons die venue se uitleg ens kan beplan.
- Vertoners moet self 'n stalletjie opslaan :
  a) 'n 3m x 3m gazebo raam / tent / konstruksie word aanbeveel of van soortgelyke

afmetings. Indien ‘n groter area benodig word moet spesifiek by bespreking gemeld word die oppervlak wat die tent / konstruksie gaan beslaan soda tons genoegsame ruite kan voorsien.
b) die gazebo raam / tent **moet** versier word om by die tema van die aand te pas : arabian nights / oosterse / woestyn Bedouin stipe styl. (Stalletjie eienaard of vertoners kan ook volgens die tema aantrek indien verkies maar is nie ‘n vereiste nie). Susan de Meyer kan gekontak word indien onseker, en sys al voorbeelde of idees kan verskaf.
c) Daar sal ‘n prys toegeken word vir die beste stalletjie volgens die tema van die aand opgemaak.
d) Daar sal ook ‘n aparte prys toegeken word aan die bes geklede stalletjie eienaar / vertoner in oosterse styl !
c) kragpunte sal wel voorsien word maar vertoners word aangeraai om hul eie verlengingskoorde (extention leads) saam te bring.

2. Wat kos kaartjies vir die funksie
- Kaartjies vir die funksies is N$200 per persoon, kinders onder 12 wat hul ouers vergesel is gratis.

3. Wat kos veiling per perd of is dit die 6% kommissie
- Daar is geen kostes om ‘n perd vir die veiling te nomineer / in te skryf nie.
- ‘n 6% kommissie op die verkooppryd van die perd sal wel geld om die media bemarking, afslaer asook veilings fasiliteite se kostes te dek.

4. Wie hanteer die veiling
- Ons afslaer vir die veiling is Deon Klopper.
- Alle navrae asook perde nominasies kan gestuur word vir sdemeyer@mweb.com.na; trina@webafrica.org.za of sarel@dascom.co.za

5. Watter kategorië bestaan daar vir veilings perde ?
Die perde word opgedeel soos volg :
- Uithourit
- Skou – halter en of ryklasse
- Ry / plesier / plaas perd
- Teelperd
- Jong perd / vul
- Ander

6. Hoe word die perde vertoon in die veilings lokaal. Ryperde onder saal of net aan die hand.

- Perde kan gery of besigtig word by die voorveilings besigtiging op 31 Mei vanaf 13hoo tot 19hoo. (Daar sal ook veeartse beskikbaar wees om perde te ondersoek en skandeer ens asook 4 onafhanklike Arabier kenners wat geraadpleeg kan word)
- Tydens die veiling self sal perde egter net in hand in die veilingsarena vertoon word.